# HOOFSTUK 4

## DIE HOËRSKOOL AS OPVOEDENDE GESAGSINSTELLING

"en koop die tyd uit, omdat die dae boos is". (Efe. 5: 16).

### 4.1 Belangrikheid van die hoërskool as gesagsinstelling.

Die hoërskool is 'n baie belangrike vesting om gesag te handhaaf. In Suid-Afrika, soos elders, staan die hoërskool voor groot uitdagings. Tye verander vinnig en daarom moet aanpassings vinnig plaasvind. Wat Kraft van Amerikaanse hoërskole sê is ook in Transvaal van toepassing :

> "secondary schools must provide the necessary conditions for change or be destroyed by the forces for change". (Kraft, 1971, p. 3).

#### 4.1.1 Opvoedingsinstelling tot skoolpligtige se laaste skooljaar.

In die jare wanneer die opvoeder tuis, in baie gevalle die moeder, dit al hoe moeiliker vind om die kind te dissiplineer, besoek die kind die hoërskool. Gevalle kom dan ook voor waar die ouer die hulp van die skool vra omdat die kind "nie wil luister nie" of, "te groot is vir slae".

Volgens landswet is kinders skoolpligtig tot die einde van die jaar waarin hul sestien jaar oud word. Daardie jaar, vir baie hul laaste skooljaar, is die kind op hoërskool. Ouerhuis en kerk kry hierdie jaar 'n laaste geleentheid om met die hulp van 'n opvoedkundige instelling se gesag die leerling se lewensrigting te probeer bepaal. Die skool kan 'n laaste

poging /....

poging aanwend om sy doelstellings met die opvoeding in die kind se lewe te laat aktualiseer.

Met die gesag wat die hoërskool van owerheidsweë deur die landswet ontvang, wat die kind dwing om die skool te besoek, kry die skoolhoof en onderwysers 'n gulde geleentheid om in sy sestiende lewensjaar vir laas formele opvoedingswerk te doen aan 'n leerling wat nie verder wil skoolgaan nie.

Deur die vroegtydige uitkenning van moontlike skoolverlaters kan 'n spesiale program bedink word om hierdie leerlinge meer volwasse die lewe in te stuur. Daar is eienskappe waaraan moontlike skoolverlaters vroegtydig uitgeken kan word (Vorster, 1971, pp. 188, 189). Dit is onder andere : swak skoolprestasie; vantevore reeds gedruip; moedeloos en ontmoedig as gevolg van skoolwerk wat steeds agteruitgaan; doen nie mee aan buitemuurse aktiwiteite nie; skoolbywoning soms wisselvallig; ouers meer aggressief teenoor die skool. (Ibid.) Baie gevalle kom ook uit huise met huislike probleme.

As in ag geneem word dat 'n kind se gesindheid baie meer deur sy maats as deur die skool beïnvloed word, (Scholtz, 1974, p. 100) kan die kennis benut word en geleenthede geskep word waar die positief georiënteerde leerlinge se invloed ook 'n positiewe bydrae kan lewer tot die opvoeding van die sestienjarige skoolverlaters.

Wat hierdie lewensjaar gedoen moes word en versaak is, sal later 'n hartseer nagevolg hê vir die kind self of vir die toekomstige

gesin /....

gesin waarvan so 'n leerling dan die vader of moeder sal wees, want sy eie opvoeding is, voor skoolverlating, nie voltooi nie.

Vir byna die helfte van die bevolking wat nie die skool sal bywoon totdat hulle standerd tien geslaag het nie, maar dit minstens moet bywoon tot die einde van die sestiende lewensjaar, is die hoërskool by uitstek die opvoeder in die laaste instansie. Hier moet met sorg, inisiatief en strenge leiding gepoog word om die regte norm en gesindheid in te skerp, sodat dit posvat, insink en groei in die hart van die kind wat môre - dan nog sestien jaar oud - sy staanplek as volwassene in 'n kritiese, genadelose en ontwrigte wêreld moet inneem.

4.1.2 Opvoedingsinstelling tot matrikulasie - 'n sleutel tot die toekoms.

Werkgewers vereis standerd tien-sertifikate. Universiteite vereis vrystellingsertifikate. Kinders wat ideale het, moet by die hoërskool se gesag inval. Om te matrikuleer, is vir kinders met talente en ambisie baie belangrik en daarom sal hulle die skoolreël gehoorsaam en voor gesag buig, al stem hulle nie saam nie. Juis hierin lê 'n probleem. Hoërskole kan nou gehoorsaamheid afdwing van intelligente leerlinge wat nie uit oortuiging nie, maar om ander motiewe, vredeshalwe saamstap. Hierdie skynheilige : "Ja, Meneer".
"Reg, Meneer".
"Goed, Meneer", (maar, "ek dink wat ek wil, Meneer") setel onder andere in die feit dat ouers en onderwysers kinders aanmoedig om geestelike waardes bo die materiële te stel terwyl hulle eie lewens van

weelde /....

weelde en gemaksug hulle woorde loënstraf (Scholtz, 1974, p. 121). Later in hierdie hoofstuk (4.2.3. en 4.3) word meer oor hoërskoolleerlinge gesê. Hier kan volstaan word met die wete dat die hoërskool die ideale geleentheid het om op te voed tot akseptering van die regte beginsels, norme en waardes. Maar dan :

- moet die Christen-onderwyser bewoë wees oor die kind voor hom; hy bied nie siellose kennis aan nie, maar homself. Sy voorbeeld, in keurige woord en onberispelike lewenswandel, wek die begeerte tot navolging. Sy billikheid, eerlikheid, harde werk, simpatie en koersvastheid inspireer tot toegewyde inspanning (Scholtz, 1974, p. 119);
- moet onthou word "ons huidige situasie het vir 'n verstarde onderwyser geen plek nie. Wie wil "oordra" en van die hedendaagse kind verwag om te luister, sal vir sy boodskap geen klankbodem vind nie; dit sal wees soos die kaf wat die wind verstrooi". (Van Wyk, 1973, (a) p. 17);
- moet die onderwyser "gevoelig wees vir die eksistensiële kind in sy konkrete situasie; die kind met sy persoonlike belangstellings en verwagtinge. Hy ken die mens, veral die jeug, van sy tyd sodat hy solidêr langs hulle, maar vaderlik bo hulle kan staan. Hy bied nie klaargeknipte oplossings nie. Hy leef met hulle in hulle wêreld, hy werk en worstel, lag en speel saam met hulle. Sy spreke met die kind is 'n geëngageerde spreke. Egte opvoeding veronderstel persoonlike betrokkenheid". (Ibid. pp. 17, 18). Hoofde het by vraag 46 aangedui dat hul derde moeilikste aspek van gesagstoepassing, die inskerping van waardes en beginsels by leerlinge is. Voorgaande is moontlike redes hiervoor. "Oordra" en "sedepreek" sal nie meer werk nie. "Meelewe" en "persoonlike betrokkenheid" bied moontlike oplossings.

4.1.3 Gebruik hoërskole hierdie unieke opvoedingsgeleenthede?

Daar kan saamgestem word dat hoërskole unieke geleenthede het

om /....

om die laaste formele opvoedingswerk te doen. By hulle is die leerlinge vir laas seuns en dogters wat moet gehoorsaam. Die vraag bestaan egter of hierdie voorreg ten volle besef en gebruik word. In die vraelys is deur vraag 40 probeer om vas te stel of skoolhoofde van Afrikaanse hoërskole 'n norm of standaard stel waaroor hulle NOOIT bereid sal wees om te redeneer nie en waarvoor summiere gehoorsaamheid en instemming geëis word. Die antwoorde was 73% "Ja", en 27% "Nee".

'n Christen-opvoeder het sekerlik 'n norm waaroor hy nie bereid is om te redeneer nie en dit is die Bybel. Die beginsels wat daarin vervat is, kan hy summier, met gesag aankondig.

- "Die hele inhoud van u woord is waarheid, en al u regverdige verordeninge is tot in ewigheid". (Ps. 119: 160).
- "Ú het u bevele gegee om dit trou te onderhou". (Ps. 119: 4).
- "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad". (Ps. 119: 105).

"Sonder norme is opvoeding as mondigwording onder die beslag van norme onbestaanbaar, maar sonder Christelike norme in elke skoolvak is Christelike opvoeding en onderwys 'n hersinskim". (Schoeman, 1975, p. 210).

In vraag 41 is geleentheid gegee om die norm, waaroor NOOIT geredeneer sal word nie, te noem. Die antwoorde van hoofde wat positief op vraag 40 geantwoord het, is ontleed. Daar is verskeie sake genoem. Godsdienstige aspekte het die meeste voorgekom (30%). Hoofde het genoem dat hulle nie bereid is om te redeneer oor beginselsake soos die Christelike eise, die Christelik-nasionale beginsel in die onderwys en die doel en

wese /....

wese van Christelike opvoeding nie. 'n Verdere 30% stel gehoorsaamheid as die saak waaroor hulle nie bereid is om te redeneer nie. Hulle eis gehoorsaamheid aan skoolreëls, beleidsopdragte, departementele beleid en meerderes se gesag.

Oor die antwoorde kan lank geredeneer word. Die 23% hoofde wat op vraag 40 "nee" geantwoord het, mag fyn onderskei tussen norm en beginsel. Oor norme kan geredeneer word en dit kan selfs verander. Beginsels is egter vas. Hulle sou moontlik "ja" geantwoord het as die vraag gestel was of daar beginsels is waaroor hulle nie bereid is om te redeneer nie. Moontlik is hulle net meer demokraties ingestel en wil hulle niks afdwing waaroor hulle nie bereid is om eers te redeneer om te oortuig nie.

Vir hierdie ondersoek kan volstaan word met die bevinding dat die meerderheid hoofde eise stel wat met die ideaal van Christelike opvoeders strook, want aspekte soos ordelikheid, netheid, eerlikheid, beskaafde en goeie maniere is die ander sake wat genoem is.

Een ding kan nie uit vraag 40 en 41 afgelei word nie en dit is of hoofde se lewensbeskouing diep Christelik is of nie. In 'n anonieme vertroulike vraelys kon die vraag net so wel direk gevra gewees het, want dit baat nou maar eenmaal nie om vaag te vra, maar duidelike antwoorde te verlang nie. Christen-opvoeders moet ophou om bang te wees om presies te sê of te toon waar hulle staan. Almal sou seker ja geantwoord het as die vraag soos volg gelees het :

Is u 'n Christen wat poog om u leerlinge in die eerste instansie volgens Christelike beginsels op te voed? Sou dié 100% dan veel beteken het?

Of met Potgieter se bevinding in Scholtz (1974, pp. 122 en 123) saamgestem word, sal lank geredeneer kan word. In sy ondersoek moes hoofde van Afrikaanse skole in Transvaal, Kaapland en Natal nege kwaliteite wat húlle dink 'n beginner-hoof moet besit, in ordevoorkeur plaas. Die kwaliteite was : hoë intelligensie, vakkennis, insig, onderwyservaring na vereiste, ervaring in skooladministrasie, buitengewone kennis en begrip van menseverhoudings, vermoë om 'n geheelbeeld van sy taak te kry, 'n Christelike lewensbeskouing en roepingsbesef. Sy bevinding was dat 59% van die laerskoolhoofde en 69% van die hoërskoolhoofde ánder kwaliteite bo 'n Christelike lewensbeskouing as die belangrikste kwaliteit vir die beginner-hoof aangedui het. Hy maak dié afleiding :

> "dat daar 'n groot aantal hoofde van Afrikaanse skole is wat die Christelike lewensbeskouing huldig maar dit nie as van universele belang in hulle lewens, in die lewe van hulle volk en daarom ook die opvoeding van die kinders van die volk beskou nie .... Die vraag kan wel gevra word of die beginsels van Wet 39 van 1967 ooit tot hulle volle waarde en krag in die Afrikaanse skool ontplooi sal kan word, solank daar hoofde is wat nie die Christelike lewensbeskouing as van fundamentele en van eerste belang vir elke faset van die onderwys en daarom ook van die hoof van die skool beskou nie".

Die 31% hoërskoolhoofde wat 'n Christelike lewensbeskouing eerste geplaas het as vereiste kwaliteit vir 'n beginner-hoof en die 30% wat op vrae 40 en 41 in hierdie ondersoek gesê

het dat die Christelike beginsels iets is waarvoor in hulle skole summiere gehoorsaamheid verlang word, mag dieselfde tipe skoolhoof verteenwoordig.

Die ander mag egter nie uitgesluit word as 'n groep wat bloot onderwys op neutrale grondslag aan kinders wil gee nie. Niemand kan 'n ander se hart en gesindheid wetenskaplik meet nie. Hoofskap vereis baie kwaliteite. Dit sou onbillik wees om te vra wie die beste sal vaar : hy met 'n Christelike lewensbeskouing, maar sonder mensekennis en intelligensie of hy met die vermoë om 'n geheelbeeld van sy taak te kry sonder 'n Christelike lewensbeskouing.

Hoofde van Afrikaanse hoërskole sonder 'n Christelike lewensbeskouing is ondenkbaar, maar van hulle redeneer bepaald dat opleiding tot Christen-wees meer bepaald op die terrein van die ouerhuis en kerk as op die skool se terrein val. Verder, aangesien alle leerlinge in 'n skool nie aan dieselfde kerk behoort nie, en niemand se godsdienstige gevoelens seergemaak mag word nie, sal skoolhoofde noodwendig hulle saalopening op Maandae op 'n ietwat ander vlak hanteer as hulle kategeseklas op Sondag.

By vraag 41 is nasietrots ook genoem. Dat werksopdragte stiptelik uitgevoer moet word en 'n billike hoeveelheid werk elke dag deur elkeen gedoen moet word, is ook tussen die antwoorde gevind.

Daar mag tot die gevolgtrekking gekom word dat die skole waaroor hierdie studie gaan, oor die algemeen die geleentheid aangryp

om /....

om meer as onderwys aan hulle leerlinge te bied. Die Christelike eise, norm en beginsel word deur een derde pertinent genoem as die primêre norm. Hierdie roepingsbewuste opvoeders wil godsdienstige beginsels, nasietrots en 'n onberispelike gedragskode inskerp deur middel van die gesag waarmee hulle beklee is. Sodoende kan 'n volk mettertyd nader beweeg aan die ideaal van : lewe en werk tot eer van God.

Daar moet egter ook waarlik kommer in die hart van Christen-ouers wees as gelees word wat Scholtz sê in verband met Potgieter se ondersoek :

> "hy huldig ook die mening dat die meerderheid hoofde skynbaar die praktiese en humane bo die Christelike beklemtoon en dat dit ook nie bo alle twyfel gestel kan word dat al die Afrikaanse skole deur-en-deur Christelik is nie". (1974, p. 124).

Hoërskole het die unieke geleentheid om kinders se lewens en die van die hele volk in die regte rigting te help stuur, maar dan moet die bose kringloop van neutrale onderwys, neutrale onderwysersopleiding en neutrale gesinsopvoeding nie toegelaat word om die duidelike roeping van die skool te verwater nie en hoofde en onderwysers moet waarlik sê :

> "Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo," (Rom. 1: 16).

## 4.2 Die betrokkenes by hoërskole se beskouing oor gesag.

"Sienderoë het talle oënskynlik onwankelbare waardes, begrippe, norme verander asof dit alledaagse praktiese toepassings is wat geen diepte of verankerdheid het nie. En baie hiervan word deur

ons /....

ons eie mense aanvaar asof dit geen verskil aan die toekomskoers gaan maak nie, en indien dit wel verskil maak, is dit dan tot daarnatoe". (Bingle, 1974, p. 1).

Sekere dinge moet verander om te verbeter. Dit kan egter aanvaar word dat die spreker hier verwys het na waardes, begrippe en norme wat niemand graag sou wou sien verander nie, omdat dit as noodsaaklik of essensieel beskou word vir ware opvoeding.

Omdat gesag waardes en norme kan afdwing of laat verval, sal gesagsdraers skuld vir agteruitgang moet aanvaar. Jongmense van vandag is seker geen kragtiger vegters vir vryhede as die van 'n paar dekades gelede nie. Sedelike verval en bederf sal dus hoofsaaklik aan die deur van gesagsdraers gelê kan word. Hulle het nie streng genoeg gewaak nie, of self die waardes en norme te lig bevind en toe maar toegegee dat die ankers opgetrek word.

Deur te let op die houding van owerhede, ouers en skoolhoofde aan die een kant en hoërskoolleerlinge aan die ander kant, kan vasgestel word in watter mate hulle beskouings oor gesag en dissipline moontlik die verandering waarna hierbo verwys is, veroorsaak het.

4.2.1 Owerhede.

Die owerheid se houding jeens onderwys en opvoeding word in wetgewing weerspieël. Wette nrs. 39 van 1967; 41 van 1967; 73 van 1969; 92 van 1974 is die belangrikstes. Daar is voorsiening vir implimentering van Christelik-nasionale onderwys in S.A. gemaak. Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid no. 37 van 1967 handel oor die tien beginsels :

. die/...

- die Christelike karakter in die onderwys;
- die breë nasionale karakter;
- die onderrigmedium;
- skoolplig;
- vry onderwys;
- differensiasie;
- koördinasie;
- die plek van die ouergemeenskap in die onderwys;
- seggenskap van erkende onderwysverenigings en
- eenvormige diensvoorwaardes van onderwysers.

In Transvaal is die Transvaalse Onderwysdepartement hierdie jaar 100 jaar oud. Die eerste Superintendent-Generaal (later Superintendent genoem; veel later Direkteur) van Onderwys is in 1876 aangestel. Na verskeie wette en ordonnansies is die Ordonnansie van die Provinsie Transvaal 1953 (Ordonnansie no. 29 van 1953) gepubliseer. Dit het die Smutswet van 1907 (soos gewysig) vervang. Die ordonnansie bepaal onder andere "Behoudens die wette van toepassing op die Staatsdiens van die Unie, stel die Administrateur 'n amptenaar aan wat aan die hoof van die Departement staan en wat bekend is as die Direkteur van Onderwys, wat onder die gesag en beheer van die Administrateur staan." (Transvaalse Onderwysdepartement, 1976, p. 78). Die Direkteur van Onderwys is verantwoordelik aan die Administrateur en moet toesien dat onderwys in die provinsie tot sy reg kom. Die skoolhoof weet dat onderwysregulasies en direkteursomsendbriewe owerheidsinstruksies is en aanvaar die gesag as wet.

Volgens Bingle bepaal die wet nêrens in soveel woorde wie die skool beheer nie, maar blyk dit tog onmiskenbaar duidelik dat

die /....

die skool van die Republiek behoort aan die owerheid. (Bingle, 1974, p. 3).

Die owerheid bestee staatsgeld, bou skole, verskaf onderwyshulpmiddels en boeke, besoldig die onderwysers en maak die regulasies en duld nie ongehoorsaamheid daaraan nie. Die Provinsie se onderwysbeleid bepaal dat "Kinders in ooreenstemming met die wense van hul ouers opgevoed moet word". (T.O.D. 1976, p. 78). Die Direkteur het bevoegdhede om voor te skryf. Verder word magte en bevoegdhede van Onderwyspersoneel deur staatsgesag bepaal byvoorbeeld :

- "Liggaamstraf word nie by 'n openbare skool toegedien :
  - (a) aan 'n vroulike leerling nie; of
  - (b) aan 'n manlike leerling in die teenwoordigheid van enige ander leerling nie". (Regulasie 5 van Regulasies Betreffende Openbare Skole vir Blanke kinders, Administrateurskennisgewing no. 99, 9 Februarie 1955 in T.O.D. 1961).

Hierdie regulasies is met gesag aangekondig en enige intelligente onderwyser weet om liefs hiervolgens te hou.

Die owerheidsgesag wat by die Administrateur, bygestaan deur die Uitvoerende Komitee, berus, word daarvandaan deur die Direkteur van Onderwys langs die organisatoriese hiërargie tot by die skoolhoof laat geld en gedelegeer. Skoolhoofde is dus ook verteenwoordigers van die owerheid en is beklee met owerheidsgesag wat aan hulle beperkte magte gee om op te tree in gevalle binne hul verantwoordelikheidskring.

Vir die staat is onderwys 'n saak van erns:

"die /....

"die staat of owerheid het as staat die grootste belang by die peil van onderwys en ontwikkeling wat sy onderdane moet bereik sodat die staat in die wêreld kan gedy - swak opgeleide en swak toegeruste onderdane dra in kiem die ondergang van die staat in hulle rond en geen owerheid kan hiermee genoeë neem nie". (Bingle, 1974, p. 4).

Die indruk bestaan dat die owerheid strenge gesag in skole vereis. Die Direkteur staan onder gesag en so skoolhoofde en onderwysers en kinders. Hierdie gesag vereis gehoorsaamheid. Regulasies word op hoër vlak goed deurdink, maar wanneer dit eers op skrif afgelewer is, word daaroor nie meer geredeneer nie.

4.2.2 Ouers.

Vir die ouer behoort die sedelik-godsdienstige vorming van sy kind van die grootste belang te wees. Omdat hulle hul kinders normaalweg self opvoed volgens hul eie lewensbeskouing, verwag hulle oor die algemeen van die skool eerstens dat die kind daar geleer moet word ter wille van kennis en kwalifikasies. Ouers verwag dat die skool die kind moet voorberei vir sy beroepslewe.

Ouers verwag dat die skool streng moet optree, die kind moet dissiplineer en toerus met kennis, vaardighede en kwalifikasies. Verder moet die kind gehoorsaamheid leer, want as hy nie aan sy meerderes gehoorsaam is nie, sal hy nie in sy werk vorder nie. Dit gaan dus vir die ouer skynbaar meer om die materiële : goeie gedrag, goeie maniere, goeie getuigskrif, goeie kwalifikasies, goeie betrekking, goeie salaris en vooruitsigte op aarde. (Uit hoofde se antwoorde by vraag 39). Hieruit mag nie afgelei word dat ouers oor die algemeen onverskillig is

oor /....

oor die godsdienstige vorming van hul kinders nie. Die punt wat die kind in Godsdiensonderrig behaal, is nou wel nie so belangrik as die punt wat hy in Engels behaal nie, want laasgenoemde vak moet 'n leerling slaag ten einde sy standerd deur te kom, maar dit wil nie sê dat die ouer onverskillig staan teenoor sy kind se Godsdiensonderrig nie, want op 'n direkte vraag :

"moet die skool die kind opvoed in die vrese van die Here?", kom die antwoord dadelik :

"ja natuurlik, maar dit kan ek en die kerk ook doen".

Ouers verlang dat die skole eerstens die gespesialiseerde vakonderwys aan hul kinders sal bied, want hulle kan dit nie self doen nie. As die skool op godsdienstige terrein nie veel meer as die minimum vereiste doen nie of betreklik neutraal en afgewater slegs die voorgeskrewe godsdiensperiodes hou, sal ouers nie kla nie. Dat hul kinders se godsdienstige ontwikkeling vir hulle wel baie belangrik is, word gou gesien wanneer by die skool iets verkondig word wat ateïsties is of nie strook met ouers se godsdienstige opvattings nie. Ouers is oor die algemeen baie dankbaar wanneer 'n skool sterk leiding gee en 'n Christelike opvoeding aan kinders bied.

Vraag 37 van die vraelys aan skoolhoofde wou bepaal of ouers 'n streng skool verkies. Watter geskatte persentasie van die ouers verkies dat die skool baie streng moet wees? Volgens hoofde se antwoorde (vergelyk p. 68) kan afgelei word dat ouers streng skole verkies. Ongeveer 80% van die hoofde het geantwoord dat 75% en meer van die ouers 'n streng skool verkies. Daar was 57% van die hoofde wat ondervind het dat 90 - 100% van

die /....

die ouers 'n baie streng skool verkies. Die grootste gros ouers van Afrikaanse hoërskole wil dus strenge dissipline in hul skole sien.

Met vraag 39 (vergelyk p. 69) wou vasgestel word wat ouers veral van hul skool verwag. Sodoende moes vasgestel word wat 'n skool deur gesag kan afdwing en wat nie. Antwoorde van 80% van die hoofde bevestig dat hulle ondervind dat ouers eerstens akademiese en skolastiese vordering met gepaardgaande eksamensukses - selfs bo die kind se vermoëns (in enkele gevalle) - van die skool verlang.

Ouers wil graag hul kinders gelukkig sien en sien presteer. Hulle verlang dat die skool die kinders behoorlik vir die lewe moet toerus. Dit sluit opvoeding en onderwys in. Tweedens wil ouers, volgens hoofde, sportprestasies sien vir sover leerlinge daartoe in staat is. Derde kom kulturele prestasies. Verder vereis hulle nog regverdige optrede wat aan elkeen 'n billike geleentheid bied op alle terreine, en wil hul ook graag hê dat kinders op godsdienstige en sosiale vlak normaal sal ontwikkel.

Dit wil dus voorkom asof ouers, as hoofde reg oordeel, wil hê dat hulle kinders op die volgende vyf vlakke moet ontplooi naamlik verstandelike, geestelike, liggaamlike, kulturele en sosiale.

Volgens Jooste is opvoeding slegs hulp en dus nie 'n eensydige vormgewing deur die opvoeder nie. (Jooste, 1971, p. 16).

Ouers is oor die algemeen heel realisties in hul verwagtings en billik in hul eise. Slegs een hoof het geantwoord dat ouers "wonderwerke" van die skool verwag. Die skool se suksesse word beperk deur verskeie faktore. Die kind se aanleg, vatbaarheid, geskiktheid en vorige normgewing is vir die hoërskool belangrike beperkings in sommige gevalle.

Is daar sake waarin ouers die skool se gesag nie ondersteun nie? Op vraag 38 (vergelyk p. 69) het 31% van die hoofde geantwoord dat daar niks noemenswaardig bestaan waarin ouers die skool nie ondersteun nie. Van die hoofde het 69% geantwoord dat hulle in die volgende sake nie die heelhartige steun van alle ouers kry nie :

- hare en kleredragvoorskrifte;
- toesig oor leerlinge se tuisstudie;
- belangstelling in skoolfunksies (veral kultuur) en oueraande;
- skoolbesoekregulasies;
- skoolfonds en fondsinsamelingspogings; [1.]
- koshuisreëls en naweekreëlings;
- partytjies van leerlinge by ouerhuise waar toesig soms sodanig is dat die skool se naam skade ly;
- lyfstraf in sommige gevalle (veral immigrante-ouers).

Een hoof sê dat hy normaalweg goeie ondersteuning in alle sake wat reg en billik is, van alle ouers kry, behalwe van hulle wat self sonder behoorlike agtergrond en opvoeding is. Dit som die algemene neiging van antwoorde goed op.

---

1. Volgens regulasie eintlik ouers se taak onder leiding van die Beheerraad.

Dit kom dus voor asof ouers se siening van gesag oor die algemeen nog kerngesond is en of Afrikaanse hoërskole selfs in gevalle waar gesag drasties toegepas word, nog kan reken op ouers se ondersteuning.

4.2.3 Kinders.

Hoërskoolleerlinge aanvaar gesag oor die algemeen spontaan. Op vraag 23 (vergelyk p. 64) het 84% van die hoofde geantwoord dat leerlinge gesag spontaan aanvaar, 9% dat leerlinge dit redelik krities aanvaar en 7% hoofde is van mening dat leerlinge gesag alleen aanvaar nadat hulle met die sinvolheid daarvan saamstem. Kinders aanvaar gesag geredelik, tewens die gevoel ontstaan dat hulle daarvan hou en gevalle kom voor waar leerlinge spog met hulle streng skool. Probleme ontstaan eers wanneer gesag, na hulle mening, onregverdig en inkonsekwent toegepas word of wanneer die metodes van gesagstoepassing bevraagteken kan word. "It is a mistake to think that children dislike being ruled : what they dislike is being ruled harshly or unjustly, or capriciously". (Ballard, 1928, pp. 30, 31).

Volgens Van der Stoep "sou 'n mens kan sê die kind identifiseer die volwassene met die intuïtiewe idee van die gesag waaroor hy beskik, en verwag derhalwe dat die volwassene kragtens sy volwassenheid die gesag sal uitoefen". (1968, p. 17). Dit lê 'n verantwoordelikheid op die volwassene want hy moet in sy gesagsuitoefening so optree dat die harmonie wat die kind sien tussen die idee van die gesag en die uitoefening van die gesag nie deur sy optrede geskaad word nie. (Ibid.) En Nel sê in die verband : "'n Feit waaroor die pedagoog baie sal moet

nadink /....

nadink, is naamlik die bevinding van Schelsky dat die jeug van vandag hulle ten gunste van die tradisionele onderwysvorm uitspreek, en teen die losse onderwysvorm, wat 'n mens in werksgemeenskappe en ander vry onderrigvorms aantref." (1961, p. 43).

In vraag 34 (vergelyk p. 68) het hoofde se antwoorde onder andere bevestig dat leerlinge graag presies wil weet wat gesag van hulle vereis, want dan voel hulle veilig om vry, binne die reël te ontwikkel. Oor die algemeen vind goeie gesag dus min weerstand van leerlinge.

Opvoeders en kinders moet wedersydse agting vir mekaar openbaar. Kinders is menswaardige wesens wat "self iemand wil wees, self iemand wil word". (Kilian, 1975, p. 19).

Sonder om in pedosentrisme te verval, sal hier tog daarop gewys moet word dat die kind en sy natuur, in die opvoeder se gesagseise, nooit vergeet mag word nie. Die kind is 'n individu, 'n eenmalige wese, skepsel van God, geskape na God se beeld en daarom mag opvoeders nooit probeer om van hulle eksemplare te maak nie. Aan die ander kant mag sy eenmaligheid weer nooit veroorsaak dat die kind die wonder van deelgenootskap nie smaak nie of nie opgevoed word volgens die Christelike ideaal nie. Christene is nie eksemplare nie, maar sou volgens die voorbeeld van Jesus Christus graag eensgesind wil wees, nie eenders nie, maar eenders in strewe volgens die Christelike ideaal "van 'n volle, goeie en deugsame lewe saam met die medemens in die wêreld tot die eer van God" (Jooste, 1971, p. 18).

Die gesag, waarna die kind soek, mag nie deur sy opvoeders

agterweë gelaat word nie, want dan sal hy dit elders soek "deur byvoorbeeld besondere identifikasie met ander volwassenes wat nie sy natuurlike opvoeders is nie, intensiewe bendevorming, ens." (Van der Stoep, 1968, p. 16). Die feit dat die kind gesonde gesagsuitoefening spontaan sal aanvaar, is verstaanbaar want :

> "Om aan gesag onderworpe te wees is een van die primêre bestaanskategorieë van die mens. Om 'n kind dit te ontneem deur te weier om gesag uit te oefen, beteken om jou as volwassene in die ergste graad aan die kind te vergryp deur hom uit te lewer aan 'n werklikheid wat nie alleen vir hom vreemd is nie, maar wat sonder die hulp van 'n volwassene bedreigend teenoor hom staan. Die veilige ruimte waarna die kind smag, is in die eerste plek 'n saak van gesonde gesagsuitoefening waardeur die kind uiteindelik in die gesagsaanvaarding sy eie vryheid en beweeglikheid verwerf ten opsigte van die werklikheid wat hom omring". (Ibid.)

Dit mag nou voorkom asof die pad van die gesagsdraer in die hoërskool met rose besaai is en of kinders gesag aanvaar en selfs verwelkom solank dit nie in skynegtheid waardes verkondig wat nie in die volwassene se eie lewenshouding tot openbaring kom nie. So maklik is dit nie, want : "die moderne mens glo egter dat hy selfwetgewing in die plek van die godsdienstige ideaal kan stel. Maar hierdie sogenaamde vorm van selfopvoeding kan net lei tot ydelheid, verwaterde selfverheerliking en die vernietiging van 'n sentrerende ideaal". (Jooste, 1975, p. 18). Hierdie mense se verteenwoordigers word tussen skoliere en jongmense gevind.

In die verband sê Garbers :

> "Gedurende die afgelope aantal jare na die tweede wêreldoorlog tref ons 'n sekere verskynsel in elke land met 'n moderne maatskappyvorm aan. 'n Aantal jeugdiges van wie die uiterlik sterk opval, slenter op die strate rond. Hul staar die verbyganger met 'n gelaatsuitdrukking van verveling en grenslose leegheid aan. Hul blik is vulgêr, wêreldwys en jeugvreemd". (Garbers, 1958, p. 33 soos aangehaal deur Nel, 1961, p. 12). [1].

Hierdie verskynsel van jeugdiges wat nie bereik word deur die gewone metodes en kanale nie, wek kommer. Nel wys daarop dat die moderne middelbare skooljeug se houding teenoor skool en onderwyser baie verander het.

> "Skoolgaan kry dan ook eers sin vir die middelbare skolier as hy dit as beroepsarbeid - as beroepsvoorbereiding - gaan beskou". (Ibid. p. 42).

Moontlik is dit onder andere een van die redes waarom Friis sê : "dat dit al moeiliker word om gesonde dissipline en 'n Christelike atmosfeer in die skool te handhaaf". (1976, p. 3).

Baie van hierdie probleme geld meer vir ander Westerse lande as vir Suid-Afrika. Die kinders het vandag ook te make met probleme wat in die verlede nie in dieselfde mate bestaan het nie. Materialisme by die kind en die "massajeug" kom van die volwassene se materialisme en van die massamens. Die volgende sitaat het betrekking op probleme van skoliere in Europa :

---

1. Die naskoolse jeug val nie binne bestek van hierdie studie nie, maar wanneer gepoog word om die massajeug te verstaan, moet hulle saam met hoërskoolleerlinge in gedagte gehou word.

"Contemporary /....

> "Contemporary pupils are confronted with certain problems that did not exist in the past, or at least were not as pressing. Certain of these are as follows :
>
> - the erosion of true values in our society, and the conscious or unconscious shift in what values do exist;
> - the difficulty of education within the family, where many parents exercise an outdated authoritarianism or an excessive liberalism;
> - student problems that arise because of home situations in which there is little intellectual stimulation.
> - an increase in the intensity of general problems of physical and psychological maturation;
> - sexual problems;
> - drug problems". (Egger, 1975, p. 117).

In Suid-Afrika het hierdie verskynsels egter reeds opgedaag en Friis skilder 'n donker prentjie waar hy sê :

> "Verskynsels soos seksperversiteite, traak-my-nie-agtigheid slordigheid, vandalisme, werkskuheid en pligsversuim, stokkiesdraaiery, parmantigheid, modeverslaafdheid, algemene onverantwoordelikheid, afgestompte eergevoel en nasionale bewustheid, alles uitvloeisels van gesagsverwerping in die gesin en gevolglik ook in die skool, skep voortdurend spanninge tussen onderwysers, ouers en leerlinge. Ernstige jeugprobleme wat hedendaags al hoe groter afmetings aanneem in ons skole, spruit uit seksuele wanpraktyke, die misbruik van verdowingsmiddels en die belangrikste van alles, uit die toenemende inherente onstabiliteit van die pubers en vroeë adolessente ten opsigte van hulle geloofsekerheid. Dertig jaar gelede was seksuele oortredings, die misbruik van verdowingsmiddels, gesagsondermyning en openlike uittarting geen noemenswaardige probleem vir 'n skool en jeugorganisasie nie. (1976, p. 3).

Dit is moontlik reeds gevolge van Marx se dialektiese materialisme, wat godsdiens as "opium vir die volk beskryf" (Ibid. p.56) het. Marcuse het skynbaar ook in Suid-Afrika

sukses /....

sukses. "Hy raai die jeug aan om die Westerse samelewing en alle vorme van gesag en self-dissipline totaal te vernietig". (Ibid. p. 64).

Opvoedkundiges sal voortaan versigtig moet bepaal waarin weerstand setel. Dit is moontlik as gevolg van die normale vryheidsdrang van die jongmens op sy weg na volwassenheid. "De opvoedeling wil zelf iemand zijn, hij ondergaat tal van onwillekeurige invloeden en tal van opzettelijke, maar hij neemt ook afstand, kiest, voelt zich aangetrokken, verweert zich, enz." (Langeveld aangehaal deur Jooste, 1971, p. 16). Dit is moontlik ook as gevolg van die verset van die reeds verworde, reeds beïnvloede jongmens wat klaar kant gekies het teen orde, dissipline, gesag, gehoorsaamheid en veral teen God en sy gebod. As dit vasgestel is, sal dit die optrede beïnvloed, want geen normale kind sal, tensy hy daartoe aangehits is, die onderwyser of ouer se gesag, as dit reg en billik toegepas word, doelbewus ondermyn nie. Wanneer 'n opdrag of 'n reël vir die kind egter onlogies of onregverdig voel, ontlok dit reaksie. Die probleem is natuurlik dat "regverdig", "logies" en "billik" normaalweg nie deur kinders gedefinieer word nie.

Kinders maak, as gevolg van onvolwassenheid, nalatigheid, ongehoorsaamheid en selfs luiheid en moedswilligheid, daagliks foute, maar dit is nie altyd gesagsondermyning nie. As hulle op hul foute gewys word, is daar meestal berou en 'n strewe om te verbeter. Die grootste meerderheid sal, wanneer hulle gelukkig is in en trots is op hulle skool, spontaan inval by die koers wat die gesagsdraers aandui. Daarvoor is egter 'n voorwaarde ... en dit is dat hulle hulle opvoeders moet kan

vertrou /....

vertrou. Die vertroue van die kind ten opsigte van 'n grootmens is 'n belangrike hoeksteen waarsonder opvoeding moeilik denkbaar is.

> "Sonder hierdie vertrouensverhouding tussen grootmens en kind is so iets soos gesagsuitoefening, en daarom ook opvoeding, net nie moontlik nie. In die feit dat die kind die volwassene vertrou en in hom glo, lê 'n belangrike aspek van die ingrypende mag van die opvoeding." (Van der Stoep, 1968, p. 17).

4.2.4 Skoolhoofde.

In vraag 34 moes hoofde sê wat volgens hulle die skadelikste is: te streng dissipline of te min dissipline? (vergelyk p. 68).

Slegs drie het gevoel dat te streng dissipline skadeliker as te min dissipline is. Hulle het hul standpunt goed gemotiveer :

- te streng dissipline skep 'n gespanne atmosfeer; ontlok reaksie; kweek 'n onnatuurlike mens; ontneem die kind sy vrymoedigheid en lei nie tot selfdissipline nie".

Hierdie antwoorde verdien besinning, want dit strook met opvoeding tot vryheid. (hoofstuk 2.2 p. 13).

Van die hoofde (10%) het geantwoord dat vraag 34 'n onbillike vraag is omdat albei foute presies ewe skadelik is. Hulle wou nie 'n keuse maak tussen twee foute nie en voel dat dissipline net genoeg moet wees, nie te streng of te min nie.

Om hierdie presiese strengheidsgraad te bepaal, is geen maklike taak nie. Dit help egter as hoofde weet dat die staat strenge dissipline vereis, ouers oor die algemeen van 'n streng skool hou

en /....

en dat die meerderheid leerlinge nie teen gesag as sodanig gekant is nie.

Dit is verder opmerklik dat 85% van die hoofde wat die vraelys beantwoord het, verkies om, as hulle dan moet kies, liewer te streng te wees as andersom. Hulle motiveer met die volgende argumente :

- die nadele verbonde aan te min dissipline is baie meer en die skade as gevolg daarvan onherstelbaar. Dissipline, regverdig en gemotiveerd, al is dit "onnodig" streng, lei tot selfdissipline en lewer 'n beter soort mens wat kan help vasstaan teen 'n permissiewe wêreld waar elkeen vandag wil maak wat hy wil;
- wanneer leerlinge die spoor eers verloor het as gevolg van te min dissipline, kry gesag hulle nie weer in pas sonder dwang of geweld nie. Dit is wreder en onaangenamer en gaan gepaard met baie meer hartseer as ferm leiding daagliks. Die opvoeder wat van beter weet, sal streng optree en sodoende voorkom dat sy leerlinge eendag "meer seerkry";
- in die ouerhuis, met die vaderlike gesag in baie gevalle afwesig as gevolg van die huidige lewenspatroon en met die moeder wat in baie gevalle voltyds in die arbeidsmark staan, is daar nie meer streng, maar simpatieke opvoeding vir inskerping van sinvolle norme nie. Die gevoel bestaan dat ouers al hoe meer òf streng òf simpatiek is in plaas van streng en simpatiek. Dit laat die skool in baie gevalle as die enigste bolwerk teen die "slap gees" waarin die jeug gesag verwerp, leiers aftakel en in bandelose wanorde met hul eie lewens wil eksperimenteer;
- wanneer gesag te streng is, is daar minstens goeie orde en dit is bevorderlik vir opvoeding. Almal wat buitendien in pas is en wat graag wil saamwerk, wen net daarby. Dit maak vir die gehoorsame nie werklik saak hoe streng opgetree word en hoeveel straf vir oortredings gegee word nie, want dit raak hom nie, behalwe indirek en tot sy voordeel, want dan moet ander ook gehoorsaam wees, soos hy buitendien is;

- wanneer gesag nie streng genoeg is nie, volg bandeloosheid met 'n eindelose kettingreaksie : oortreders kry moed en oortredings neem kwalitatief en kwantitatief toe. So verval 'n hele skool in 'n onaangename warboel, want hulle wat nog wou saamwerk, kry geen morele ondersteuning by die gesag nie, eerder intimidasie by die bandeloses. Op die wyse word kinders verwar, die paar streng onderwysers uitgemaak as paaiboelies en die skool se eindprodukte : koerslose lamsakke;
- strenge dissipline, logies en verstaanbaar verduidelik, gee sekuriteit aan kinders. Hulle weet waar hulle staan en voel vry om te beweeg binne die beskermende grense wat gesag vir hulle bepaal. Sulke leerlinge is gelukkiger as hulle wat sonder stewige bande en norme moet voortsoek na iets nastrewenswaardigs. Die kind verkry sekuriteit wanneer hy voel dat sy optrede "saak maak" en belangrik is vir sy skool.

Die grootste meerderheid skoolhoofde by Afrikaanse hoërskole verkies om streng op te tree. Hulle gee daarvoor argumente en voel hulself daartoe gesteun deur ouers en owerhede.

## 4.3 Samevatting en gevolgtrekking.

As hoërskoolhoofde hulle nie van stryk laat bring nie deur :

- klein minderhede van ouers en skoliere wat as gevolg van hul normloosheid die pogings tot opvoedende gesag sal opponeer; en
- wêreldideologieë wat doelbewuste aanvalle op alles wat behoudend is van stapel stuur, kan hoërskole deur streng dissipline, volgens beginsels wat die toets van die tyd deurstaan het, 'n geweldige bydrae lewer tot die opvoeding van die volk se kinders, tot eer van God en tot welsyn van die medemens.

Verskeie sitate en ondersteunende gedagtes moet kortliks hier bewys lewer dat die hoërskooljare by uitstek die beslissende rol kan speel in die kind se lewe.

- hoërskoolleerlinge is hulpsoekend en ondervind probleme in verband met hul toekomstige loopbane en om 'n eie plek in die samelewing te vind. Om hierdie rede is hy gewoonlik baie meer subjektief as in die vorige stadium. Hy is meer geneig om in homself te keer. In hierdie verband praat Charlotte Bühler van die ontdekking van die "ek". Op die ouderdom is sy persoon, drange, begeertes, gevoelslewe en gemoedsaandoeninge vir hom van eerste belang. "aan die end van die najeugstadium, dit wil sê rondom die agtiende-neëntiende jaar, is die persoonlikheid tot 'n hoë mate vasgelê;" (Jansen van Rensburg, 1958, pp. 233, 234). Op hierdie ouderdom is die kind sensitief ingestel teenoor die wêreld om hom, maar is hy meer 'n toeskouer as deelnemer. Hy is in 'n gevoelige stadium en sal maklik na binne keer en oor dinge peins. Sodoende sal indrukke makliker op sy onderbewuste gemaak word. Hy is onseker en vrees kritiek.

  "Dis nou die tyd om waar die kind op die drumpel van 'n uitgestrekte volwasse lewe te staan gekom het, hy geleer word om met die wapen van die wet en die waarheid vir hom ideale te formuleer wat sy lewe kan dien as rigsnoer". (Van Jaarsveld, 1971, p. 66).

Oor Geskiedenisonderrig in die hoërskool se Taute :

- "die jongmens of adolessent egter wil iets meer kry. Hy is besig om sy eie lewens- en wêreldbeskouing te ontwikkel en begin nadink oor allerlei lewensprobleme, sommige wat ontstaan na aanleiding van sy land se omstandighede en geskiedenis en ander wat in verband met die wêreldgebeure staan. Hy moet vir sy ouderdom pitkos kry. Hy moet die kans kry om in die verskillende lessituasies waarin hy geplaas word, antwoorde op sy vrae te kry, om koers te kry te midde van al die stemme wat in sy tyd opgaan;" (Taute, 1942, pp. 289, 290).

- die hoërskooljare is in menige opsig nie alleen 'n ideale nie, maar 'n moontlike laaste ideale geleentheid om iets vir die leerling se eindbestemming te probeer bereik.

  - "Die skool is nog steeds die plek waar ons ons op toespits om te verseker dat die bestaande orde sal bly voortbestaan. Die predikant preek vir leë banke maar die staatswet sorg dat die kind bereikbaar en dus vormbaar bly deur die verpligting wat op ouers geplaas word om hulle kinders skool toe te stuur - verpligte skoolbesoek". (Schutte, 1973, p. 140).

.. "Early adolescence is genuinely and passionately idealistic. Most conversions to Christianity take place in this period.

.. Early adolescence is the time of life's greatest expansion physically, intellectually, socially, and spiritually. Life widens in scores of different ways, any one of which, when pursued, may affect vitally the rest of life. Physically, boys and girls really attain selfhood. Intellectually, memory and imagination are at their peak of plasticity." (Germane, 1929, p. 173).

.. "Dit is nou die begin van die tyd wat lei tot 'n oorgawe aan 'n hoër mag as hyself en waar hy besef dat hy in sigself tot niks in staat is nie, maar dat hy 'n instrument in die hande van God is". (Van Jaarsveld, 1971, p. 70).

.. "Die skool moet die riglyne voorsien en 'n lewensbeskouing help vaslê wat kinders in staat sal stel om die fragmentariese inligting waarmee hulle van buite gebombardeer word te orden, te keur, te benut en tot kennis te verwerk". (Jooste, 1974, p. 107)

.. "En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê : Ek het daar geen behae in nie - ". (Prediker 12: 1).

Die hoërskool in Suid-Afrika, as belangrike opvoedings- en gesagsinstelling, se taak is in die huidige tyd onbeskryflik groot. Die geleenthede is egter uniek en die uitdaging fantasties. Leerlinge moet deur God se genade, met die hulp van onderwysers en ouers, toegerus word vir die bo-menslike taak van Christen wees in 'n siek wêreld.